

Uitvoering is aan die kontrak gegee en het Eiser in die tydperk 1 Januarie 2005 tot 31 Augustus 2005, dagvaardings beteken en 'n totale vergoeding van R147 030,00 van Verweerder ontvang.

5

Op 4 November 2005 het Verweerder 'n skrywe aan Eiser gerig waarin hy in kennis gestel is dat sy dienste opgeskort word en is geen verdere dagvaardings vir betekening daarna deur Verweerder aan Eiser beskikbaar gestel nie. Eiser het hierdie 10 optrede van Verweerder as 'n repudiasie van Verweerder se kontraktuele verpligtinge beskou en op 26 Junie 2006 die Verweerder skriftelik in kennis gestel dat hy die repudiasie aanvaar.

15 Eiser beweer dus dat die kontrak op hierdie wyse beëindig is en vorder hy skadevergoeding van Verweerder, gelykstaande aan die bedrag wat hy in die oorblywende termyn van die kontrak sou verdien het deur die betekening van dagvaardings, min die uitgawes wat hy sou gehad het om betekening van die 20 dagvaardings te bewerkstellig.

Die verwere wat geopper is teen Eiser se vordering, is wydlopend van aard, maar met die verloop van die verhoor het Verweerder van sekere verwere afstand gedoen. Dit is nie vir 25 my nodig om volledig na die lywige stel pleitstukke te verwys

/...

nie, maar sal ek na die relevante gedeeltes daarvan verwys by die verstreking van my redes vir die gevolgtrekking waartoe ek gekom het.

5 Dit is ook nie nodig om in besondere detail na die getuienis te verwys nie, aangesien Eiser die enigste getuie was en groot dele van sy getuienis nie werklik deur Verweerder betwis is nie.

10 Ek mag verder meld dat aangesien hierdie uitspraak gelewer word op die voorlaaste dag van 'n besige rondgang, ek nie voornemens is om breedvoerige redes vir my bevindings te verskaf nie, maar dit eerder opsommenderwys te doen. Ek kan egter die partye verseker dat ek die argumente wat 15 namens hulle voorgelê is, deeglik oorweeg het.

In paragraaf 11 van die Besonderhede van Vordering word die volgende bewerings gemaak ten aansien van die repudiasie deur Verweerder, waarop Eiser as skuldoorsaak steun:

20 "11. Gedurende die periode September 2005 tot 26 Junie 2006 het die Verweerder repudiasie gepleeg deur:

11.1 'n Skrywe aan Eiser te rig op 4

November 2005 waarin die

25 Eiser in kennis gestel is dat

/...

sy dienste opgeskort word en

11.2 Te versuim om enige

dagvaardings of hofdokumente
aan die Eiser beskikbaar te stel
vir doeleindes van betekening
daarvan, ten spyte daarvan dat
daar selfs meer dagvaardings
of hofdokumente beskikbaar
was vir betekening, as wat
gedurende die voorafgaande
agt maande deur die Eiser
suksesvol beteken is.”

Verweerder pleit as volg hierop in paragraaf 9 van die

15 Verweerskrif:

“9. 9.1 The Defendant admits the contents of
paragraph 11.1.

9.2 Defendant repeats its plea as set out in
paragraph 5 *supra*.

9.3 Defendant pleads that in the premises it
was under no obligation to make any
summonses or other Court documents
available to Plaintiff for service and

9.4 Defendant pleads that it was entitled to
terminate, alternatively, resile from the

/...

contract on the grounds set out in
paragraph 5 *supra*."

Aangesien Verweerder nie in hierdie paragraaf van die
5 Verweerskrif spesifiek pleit op die bewering in paragraaf 11.2
van die Besonderhede van Eis nie, moet paragraaf 11.2
ingevolge Reël 22(3) geag word erken te wees.

Soos blyk uit paragraaf 9.2 van die Verweerskrif, gelees met
10 paragraaf 9.3 daarvan, steun Verweerder op die bewerings in
paragraaf 5 van die Verweerskrif ten einde te beweer dat hy
onder geen verpligting was om enige dagvaardings vir
betekening aan Eiser beskikbaar te stel nie en gevolglik
regmatig die kontrak beëindig het.

15

Soos ek die Verweerskrif verstaan, beweer Verweerder dus dat
die versuim om verdere dagvaardings aan Eiser beskikbaar te
stel, regmatig was, weens die gronde uiteengesit in paragraaf
5 van die Verweerskrif, en gevolglik nie 'n repudiasie van
20 Verweerder se kontraktuele verpligtings daargestel het nie.

Volledigheidshalwe moet ek verwys na paragraaf 12 van die
Besonderhede van Eis, waar Eiser beweer dat hy op 26 Junie
2006 Verweerder in kennis gestel het dat Verweerder se
25 repudiasie aanvaar word en die kontrak daarmee gekanselleer

/...

is. Hierdie bewering word in paragraaf 10 van die Verweerskrif erken en is dit ook gemeensaak dat sodanige aanvaarding van die repudiasie, soos deur Eiser beweer, ingevolge 'n skrywe van Eiser se prokureurs aan Verweerder, gedateer 26 Junie 5 2006, geskied het.

Wanneer gelet word op die verwere waarop Verweerder in paragraaf 5 van die Verweerskrif steun, blyk dit dat, na afstanddoening van sekere verwere, die Verweerder tans net 10 op die verwere vervat in paragrawe 5.3 en 5.4 van die Verweerskrif, staatmaak. Sentraal tot hierdie verwere, is Verweerder se bewering dat niesteenstaande die aanstelling van Eiser as wetstoepassingsbeampte ingevolge regulasies uitgevaardig kragtens die Strafproseswet nr. 51/77, sodanige 15 aanstelling nie vir Eiser magtig om regsgeldiglik verkeersdagvaardings, uitgereik weens oortredings ingevolge die Nasionale Padverkeerswet nr. 93/96, te beteken nie.

Hierdie feitelike bewering word deur Eiser ontken, maar 20 aanvaar ek vir doeleindes van hierdie uitspraak, sonder om 'n beslissing daaroor te maak, dat Verweerder se bewerings in hierdie verband korrek is.

In paragraaf 5.3 steun Verweerder eerstens op die verweer 25 van onmoontlikheid van prestasie as grondslag. Dit word as

/...

volg gestel:

“The Defendant pleads that

5.3.1 Due to no fault of Defendant, the performance of Plaintiff's duties under the contract i.e. the service and execution of summonses, court documents and other process of court relating to offences in terms of the Road Traffic Act, was impossible to perform from inception of the contract.

10 5.3.2 In the premises the contract between the parties is void for impossibility of performance and as a result no obligations have arisen in respect of the Plaintiff's performance in terms of the contract, nor in respect of Defendant's agreed counter performance.”

In die notule van die voorverhoor konferensie wat deur die partye gehou is, word aanvaar dat die bewyslas om hierdie verweer te bewys, op die Verweerder rus.

20

Ten aansien van hierdie verweer is ek dit eens met mnr Coetsee, namens Eiser, dat Verweerder nie behoorlik onderskei tussen die geldigheid van die betrokke kontrak, enersyds, en die geldigheid van die betekening van die dagvaardings andersyds, nie.

25

/...

Dit hang saam met die beginsel dat ten einde as 'n verweer te kan kwalifiseer, onmoontlikheid van prestasie absoluut en nie bloot relatief moet wees nie. Slegs absolute onmoontlikheid van prestasie sal die nietigheid van die kontrak tot gevolg hê.

Christie, The Law of Contract in South Africa, 5de uitgawe, bladsy 93, stel dit as volg met verwysing na *Digesta* 45.1.1375:

“The impossibility must be absolute as opposed to relative. If I promise to do something which, in general, can be done, but which I cannot do, I am liable on the contract.”

Die betrokke regulasies maak uitdruklik voorsiening vir die aanstelling van verskillende kategorieë van persone om verkeersdagvaardings te kan beteken en is prestasie ingevolge hierdie kontrak dus nie in 'n absolute sin onmoontlik nie. Daarbenewens, soos Christie in sy aangehaalde werk dit verder stel te bladsy 93, moet die beginsel dat onmoontlikheid van prestasie die nietigheid van 'n kontrak tot gevolg het, die knie buig voor 'n strydige bedoeling van die partye. Die geleerde skrywer stel dit as volg:

“The principle must give way to the contrary common intention of the parties. This intention may be

/...

expressed, as when a seller expressly represents or promises that the *merx* exists. If it is found not to have been in existence at the time the contract was made, he will be liable for damages for breach of his promise or for his false representation if fraudulent or negligent.”

In die onderhawige geval is daar 'n duidelike teenstrydige bedoeling van die partye te vind in klousule 4 van die kontrak.

10 Dit lees as volg:

“Qualification to execute work

The employee shall be responsible for obtaining and holding the qualifications necessary for him to execute this contract including but not limited to being a peace officer in terms of the Criminal Procedure Act 51/77.”

Daarkragtens het die partye dus ooreengekom dat Eiser die verpligting het om die nodige kwalifikasie te bekom ten einde uitvoering aan die kontrak te gee. Dit moet saamgelees word met klousule 15 van die kontrak, wat aan Verweerder die reg gee om die kontrak te kanselleer indien Eiser sou versuim om sy verpligtinge ingevolge die kontrak na te kom.

25 Ek moet byvoeg dat dit gemeensaak is dat Verweerder nie uit

/...

hoofde van Klousule 4, gelees met klousule 15, teen die Eiser opgetree het weens enige beweerde kontrakbreuk deur hom nie. Dit volg dus dat die partye, ingevolge klousule 4, gelees met klousule 15, by noodwendige implikasie ooreengekom het dat die afwesigheid van die nodige kwalifikasie nie die nietigheid van die kontrak tot gevolg sou hê nie. Die verweer van onmoontlikheid van prestasie kan derhalwe nie slaag nie.

In paragraaf 5.4 van die gewysigde Verweerskrif, steun Verweerder op die aanwesigheid van 'n opskortende, alternatiewelik ontbindende, voorwaarde in die kontrak ten einde te beweer dat die kontrak nie in werking getree het nie, alternatiewelik verval het. Dit word as volg gestel in die

Verweerskrif:

15 "5.4

5.4.1 Defendant further pleads that the

contract was subject to the express, alternatively legally implied, further alternatively tacit suspensive condition that the Plaintiff shall, within a reasonable period of time after the signature of the contract by the parties obtain and hold the qualifications necessary for him to execute the contract, failing which the contract would

20

25

be of no force or effect.

5.4.2 Defendant further pleads that the Plaintiff had failed within a reasonable period of time, to obtain and/or to hold the qualifications necessary for him to execute the contract and that the contract has therefore failed, alternatively,

5.4.3 The contract was subject to the express, alternatively legally implied, further alternatively, tacit, resolutive condition, that should the Plaintiff not within a reasonable period of time, after the conclusion of the contract, obtain and hold the qualifications necessary for him to execute the contract, the contract would lapse.

5.4.4 The Plaintiff did not within a reasonable period of time, after the conclusion of the contract, obtain and/or hold the qualifications necessary to execute the contract and the contract has therefore lapsed on or about November 2005 and is of no force or effect.”

Die partye is dit eens dat die bewyslas ten aansien van hierdie verweer ook op Verweerder rus. Dit behoeft geen betoog dat die kontrak nie 'n uitdruklike beding bevat wat dit onderworpe stel aan 'n opskortende of ontbindende voorwaarde van hierdie
5 aard nie.

Daarbenewens bevat die kontrak in Klousule 4, waarna ek reeds verwys het, 'n uitdruklike term wat direk in stryd met die aanwesigheid van 'n stilswyende of regtens ingegrepe opskortende of ontbindende voorwaarde van hierdie aard sou
10 wees.

Verder bepaal Klousule 17 van die kontrak ook dat:

15 "This agreement constitutes the whole agreement between the parties as to the subject matter hereof and no agreements, representations or warranties between the parties, other than those set out herein, are binding on the parties."

20

Die inlees van 'n opskortende of ontbindende voorwaarde van die aard waarop Verweerder steun, sal, na my mening, regtens onhoudbaar wees, in die lig van die uitdruklike bepalings van Klousule 4 en die aanwesigheid van Klousule 17 in die kontrak.

25

Christie in sy aangehaalde werk stel dit as volg te bladsy 197:

“The parol evidence rule does not prevent the leading of evidence to show that the written contract was subject to a condition precedent not expressed in the document, provided the condition is not inconsistent with the terms of the document, which is perhaps another way of saying that the condition must be a true condition, suspending the operation of the contract, without varying any of its terms and not a so-called condition which is really a term of the contract. The proper place for a so-called condition of this type is in the document in which the parties have agreed to include all the terms of their contract. A so-called condition suspending some of the terms of a contract must of necessity be hit by the rule, if on the face of the document all the terms are operative contemporaneously. If the condition is a true one, it does not matter whether it is positive or negative in form, but it is difficult to see how evidence of a resolutive condition could ever be given without contradicting or varying the terms of the written document.”

Ek kom derhalwe tot die gevolgtrekking dat die oorblywende verwee waarop Verweerder hom beroep in paragraaf 5.3 en 5.4 van die Verweerskrif, nie regtens 'n verweer teen Eiser se skuldooorsaak, gegrond op Verweerder se repudiëring van die ooreenkoms, daarstel nie.

Mnr van der Merwe, namens Verweerder, het egter verder geargumenteer dat by 'n behoorlike vertoiking van die pleitstukke van Verweerder, dit vatbaar is vir die volgende verweer, naamlik dat aangesien Eiser op die stadium van die beweerde repudiasie deur Verweerder, nie die bevoegdheid gehad het om regsgeldiglik dagvaardings te kon beteken nie, die repudiasie van Verweerder nie 'n onregmatige repudiasie daargestel het waarop Eiser kan steun nie.

15

Ek vind dit moeilik om te sien hoe daar ruimte vir so 'n verweer kan wees, veral in die lig van die inhoud van paragrawe 9 en 10 van die Verweerskrif, waarin die repudiasie en aanvaarding daarvan, waarop Eiser steun, uitdruklik deur Verweerder erken word. Hoe dit ook al sy, en selfs as argumentshalwe aanvaar word dat so 'n verweer wel gepleit is, is ek van oordeel dat dit nie meriete het nie.

Soos mnr Coetsee, na my mening tereg, betoog het met verwysing na die opsomming in Amler's Precedents of

/...

Pleadings, bladsy 101, is dit nie 'n voorvereiste in 'n eis vir skadevergoeding, vir die Eiser om te beweer dat hy sy kontraktuele verpligtinge nagekom het nie.

5 Daarbenewens is die verpligting van 'n kontrakparty om nie sy of haar kontraktuele verpligtinge te repudieer nie, nie 'n verpligting wat onderneem word in ruil vir die nakoming van sy/haar verpligtinge deur die ander kontrakparty nie.

10 Anders gestel, daar is geen wederkerigheid tussen 'n party se verpligting om nie sy kontrakverpligtinge te repudieer, en die nakoming deur die ander party van sy/haar kontrakverpligtinge nie.

15 In Dawnford Investments CC & Another v Schuurman, 1994(2)

SA 412 (N) word dit as volg gestel:

20 "The *ex lege* obligation not to commit an anticipatory breach of an agreement (oftewel om repudiasie te pleeg), flows from the requirement of *bona fides* to which our contracts are subject and is not one which is undertaken in exchange for the performance of another obligation by the other contracting party."

25 Christie stel dit as volg te bladsy 421, voetnoot 145, van sy

/...

aangehaalde werk:

“The duty not to repudiate arises *ex lege* and is not reciprocal to any of the obligations under the contract.”

5

Ek vereenselwig my respekvol met hierdie menings en bevind dus dat indien argumentshalwe aanvaar word dat Eiser nie by kontraksluiting die bevoegdheid gehad het om regsgeldiglik dagvaardings te kon beteken nie, dit nie tot gevolg gehad het 10 dat Verweerder se erkende repudiasie, regmatig was nie.

In die lig van my voormelde bevindings volg dit dat Verweerder nie 'n regsgeldige verweer teen die meriete van Eiser se eis het 15 nie.

15

Wat dan oorbly, is die vraag of Eiser bewys het dat hy op skadevergoeding weens Verweerder se kontrakbreuk geregtig is. In hierdie verband voer Verweerder aan dat Eiser nie sy bewyslas ten aansien van die bewys van skade gekwyt het nie.

20

Eiser se getuienis oor die skade wat hy gely het, is wesenlik onbetwis. Dit toon dat hy gedurende die tydperk 1 Januarie 2005 tot 31 Augustus 2005, toe dagvaardings aan hom beskikbaar gestel is vir betekening, gemiddeld R18378.75 per 25 maand uit die kontrak verdien het.

Die bewering van Eiser in paragraaf 11.2 van die
Besonderhede van Eis, dat daar vir die oorblywende termyn
van die kontrak selfs meer dagvaardings beskikbaar sou wees
vir betekening, as gedurende die voormelde tydperk van agt
5 maande, is ook onbetwis.

Derhalwe voer Eiser met oortuiging aan dat hy ten minste R18
378,75 per maand sou verdien het gedurende die oorblywende
termyn van die kontrak, dit wil sê, vanaf 1 September 2005 tot
10 31 Desember 2006. Dit beloop 'n totale bedrag van R294 060.

Mnr van der Merwe betoog dat aangesien, soos blyk uit die
dokumentasie voor die hof, Eiser die beskikbare hoeveelheid
dagvaardings sou moes deel met twee ander kontrakteurs,
15 Eiser nie bewys het watter hoeveelheid dagvaardings hy
inderdaad sou ontvang het tydens die oorblywende termyn van
die kontrak nie.

Hierdie submitisie hou egter nie rekening met Eiser se
20 onbetwiste getuienis in hierdie verband en die voormelde
erkenning van die bewering in paragraaf 11.2 van die
Besonderhede van Eis nie.

Na my mening het Eiser op 'n gerieflike oorwig van
25 waarskynlikhede bewys dat hy gemiddeld R18 378,75 per

maand sou verdien het tydens die onverstreke termyn van die kontrak, as Verweerder voortgegaan het om dagvaardings vir betekening aan hom beskikbaar te stel.

5 Eiser het verder getuig dat hy gemiddeld R3 000 per maand sou spandeer het aan uitgawes in die proses om dagvaardings tydens die oorblywende termyn van die kontrak te beteken. Sy uitgawes sou dus 'n totaal van R48 000,00 beloop het, met gevolg dat hy skade ten bedrae van R246 060,00 gely het.

10

Mnr van der Merwe het betoog dat Eiser ten aansien van die brandstof- en telefoonuitgawes waaroor hy getuig het, nie hierdie uitgawes met voldoende presiesheid bewys het nie. Na my oordeel het Eiser wel met voldoende presiesheid sy 15 uitgawes bewys. Die brandstofuitgawes het hy met verwysing na die diensboekie van sy voertuig en die duurste dieselprys gedurende die tydperk wat deur sy eis gedek word, bevestig. Alhoewel hy nie in staat was om sy telefoonuitgawes met dokumentasie te staaf nie, blyk 'n bedrag van R200,00 per 20 maand wat hy daarvoor begroot het, redelik te wees. In ieder geval, blyk dit dat sy beraming van die brandstofuitgawes per maand oordrewe is, veral as in ag geneem word dat hy die voertuig vir net ongeveer 50% van die afstand afgelê, vir doeleindes van hierdie kontrak sou gebruik het.

25

Ek bevind derhalwe dat Eiser op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys het dat Verweerder se kontrakbreuk vir hom skade in die bedrag van R246 060,00 berokken het.

5 Mnr van der Merwe het ook betoog dat enige skade wat Eiser gely het, nie kousaal verbind is met enige kontrakbreuk van die Verweerder nie. Die eerste been van die kousaliteitstoets is feitelike kousaliteit, wat beste geïllustreer word deur die “but for test”.

10

Met ander woorde, “would the Plaintiff have suffered the loss but for the Defendant’s breach”. Soos verduidelik in Thoroughbred Breeders Association v Price Waterhouse, 2001(4) SA 511 (HHA) par 66:

15 “It is sufficient for the Plaintiff to prove that the Defendant’s breach was a cause of the loss, even if there was another contributing cause.”

Na my mening het Eiser bewys dat daar 'n direkte feitelike kousale verband is tussen Verweerder se repudiasie, met die gevolglike beëindiging van die kontrak by aanvaarding van die repudiasie deur Eiser, en die skade wat Eiser gely het. Anders gestel, as dit nie was vir Verweerder se repudiasie nie, sou Eiser nie hierdie skade gely het nie.

25

Vir soverre hierdie kousaliteitsargument van Verweerder
gegrond is op die beweerde gebrekkige aanstelling van Eiser,
en selfs as argumentshalwe aanvaar word dat Eiser nie uit
hoofde van sy huidige aanstelling regsgeldige betekening van
5 dagvaardings kon bewerkstellig nie, beteken dit nie, soos reeds
aangedui, dat hy absoluut onbevoeg was om die nodige
kwalifikasie te bekom nie.

Soos blyk uit die betrokke regulasies, is daar ander kategorieë
10 waaronder Eiser se aanstelling kon resorteer, ten einde
dagvaardings geldig te kan beteken. As Verweerder die oog-
lopende roete gevolg het, indien Verweerder van oordeel was
dat Eiser se aanstelling gebrekkig is, naamlik om Eiser
ingevolge klousule 15 van die kontrak aan te maan om sy
15 kontraktuele verpligtinge uit hoofde van klousule 4 na te kom,
kon Eiser die nodige stappe geneem het om 'n aanstelling
ingevolge een van die ander beskikbare kategorieë te probeer
bekom.

20 Die vraag waarom hierdie roete nie deur Verweerder gevolg is
nie, bly egter onbeantwoord. Hoe dit ook al sy, bly
Verweerder se kontrakbreuk by wyse van die repudiasie van die
kontrak, 'n *causa sine qua non* van die Eiser se verlies en is
daar, na my mening, aan die eerste been van die
25 kousaliteitstoets voldoen.

Die tweede been is juridiese kousaliteit, en is die toets vir die aanwesigheid daarvan as volg gestel deur Corbett HR, in International Shipping Company (Pty) Ltd v Bentley, 1990(1)

SA, (A) te 700 I:

5 “The second enquiry then arises, viz whether the wrongful act is linked sufficiently closely or directly to the loss for legal liability to ensue or whether, as it is said, the loss is too remote. This is basically a juridical problem in the solution of which considerations of policy play a part. This is sometimes called ‘legal causation’.”

10

Hieraan is daar, na my mening, ook voldoen aangesien die skade wat Eiser gely het, die gebruikelike of te verwagte skade is wat sou voortspruit uit die repudiasie van Verweerder se kontraktuele verpligting om dagvaardings vir betekening aan Eiser beskikbaar te stel.

20 Dit volg derhalwe dat Eiser met sy eis moet slaag. As suksesvolle party is hy op sy koste geregtig. Eiser het aansoek gedoen vir 'n bestraffende kostebevel en 'n aantal gronde hiervoor aangevoer. Ek het hierdie gronde individueel en kumulatief oorweeg, maar is nie oortuig dat dit 'n bestraffende kostebevel regverdig nie.

25

Wat die eis *vir moratore* rente op die eisbedrag betref, blyk dit dat die eis eers in die Besonderhede van Eis behoorlik gekwantifiseer is, met gevolg dat sodanige rente eers van datum van betekening van die dagvaarding bereken behoort te

5 word.

Bygevolg word die volgende bevel gemaak:

1. Verweerder word gelas om die bedrag van R246
060,00 aan Eiser te betaal as skadevergoeding
10 tesame met rente daarop teen 'n koers van 15,5%
per jaar, bereken vanaf datum van betekening van
dagvaarding tot datum van finale betaling.
2. Verweerder word gelas om Eiser se gedingskoste te
betaal.

15

.....
21
FOURIE, R